No 10 - 2026] Third Session, Seventh Parliament

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 30 APRIL 2026

**HOUSE: 14:15**

**SPEAKER'S DEBATE**

Freedom that works: jobs, dignity and delivery.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION**

1. Mr K Brinkhuis: That the House recognises that the City of Cape Town's invitation to US marines to train metropolitan police cadets raises serious legal and constitutional concerns; further recognises that the Constitution states that municipal police services must operate within a national legislative framework; notes that the South African Police Service Act makes it clear that the National Commissioner determines the standards and training for municipal police; further notes that the City has no authority to implement training arrangements outside of that framework; acknowledges that the crime prevention methods used by the US structures, such as ICE, are inhumane, based on racism and they use extreme brutality measures against innocent victims; further acknowledges that ICE's tactics smacks of the old apartheid policies; and calls on the House to condemn the City of Cape Town's use of US marines to train local police cadets.

2. Mr T C R Walters: That the House notes the recent Federal Congress of the Democratic Alliance at which the party's leadership was duly elected and a range of policy resolutions were adopted; recognises that open contestation, transparent processes and the peaceful transfer of leadership are central to any healthy democracy; further notes that robust internal debate and member participation strengthen accountability and public trust in political institutions; affirms that democratic practice must be lived within parties as much as it is defended in government, and that credible governance begins with credible internal processes; therefore welcomes the reaffirmation of constitutional values, the rule of law

and responsive governance reflected in the congress outcomes; further notes that this was the largest congress ever held by the Democratic Alliance, and that there was immense national and international interest in the event, which will have a significant impact on the future of South Africa; and resolves to support efforts that deepen democratic culture, promote active citizenship and ensure that elected leaders remain accountable to the people they serve.

3. Mr D W Bryant: That the House notes that, in the DA-led City of Cape Town, the Zandvliet Wastewater Treatment Works in Khayelitsha has been completed, is fully operational, and is serving communities including Khayelitsha, Delft, Blue Downs, Mfuleni and the surrounding areas; and further notes that this R2 billion project provides improved and dignified sanitation services, while expanding the capacity to accommodate future growth in these fast-growing parts of the City.

4. Mr D W Bryant: That the House notes the successful inauguration of the 2026 George Junior City Council by the DA-led George Municipality, providing a meaningful platform for young people to participate in local governance and develop leadership skills; further notes that this initiative reflects the DA's commitment to building an active citizenry, empowering the next generation, and ensuring that young voices are included in decision-making processes; acknowledges that, while many municipalities across South Africa struggle to deliver basic services, DA-led local governments continue to invest in programmes that strengthen democratic participation and develop future leaders; and notes the DA-led George Municipality's commitment to setting a standard in youth development and civic engagement that contributes to building a capable, accountable state.

5. Mr D J Wessels: That the House notes the official opening of the R693 million Malmesbury Bypass; further notes that this major infrastructure project will improve road safety, reduce travel times, and boost economic activity in the Swartland region; acknowledges the creation of jobs and support for local businesses during construction; and notes the DA-led Western Cape Government's commitment to delivering infrastructure that drives growth and creates opportunities.

6. Mr P Johnson: That the House notes the outstanding achievement of Nicolaas Steenkamp, a learner from the Hoërskool Stellenbosch, who won a gold medal at the International Festival of Engineering, Science and Technology in Tunisia; further notes that this achievement reflects the strength of education and innovation in the Western Cape; acknowledges that investing in quality education and opportunities in science and technology enables young people to compete and succeed on the global stage; and further acknowledges the DA-led Western Cape Government's commitment to continuing to build a capable, future-focused education system that empowers learners to excel internationally.

7. Ms W F Kaizer-Philander: That the House notes that oversight by public representatives is a constitutional responsibility intended to strengthen accountability, improve service delivery, and protect the rights of citizens, and that this function must at all times be exercised within the framework of the Constitution, the applicable legislation and the rules and ethical standards of this Provincial Parliament; further notes that oversight must remain firm but orderly, lawful and respectful of institutional processes, and that conduct that is disruptive, intimidatory or exceeds the scope of established oversight authority risks undermining both the integrity of institutions and the credibility of oversight itself; further notes that particular care must be exercised in settings serving children and other vulnerable

citizens who are entitled to heightened constitutional protection; and therefore calls for continued adherence to proper oversight protocols, appropriate coordination with relevant authorities and the safeguarding of dignity, privacy and safety during all oversight engagements.

8. Ms R Windvogel: That the House notes with grave concern the ongoing sewer overflows in Philippi and the surrounding areas where residents have been forced to endure raw sewage flowing through streets for prolonged periods, creating intolerable living conditions; further notes that communities, including those in Wesbank, have reportedly been exposed to contaminated water for weeks and even months, resulting in serious health risks such as skin infections, while also having a negative impact on livelihoods as residents are unable to work due to illness; acknowledges that this situation constitutes a severe public health crisis, undermines the dignity of affected communities, and reflects persistent service delivery failures in sanitation infrastructure; further recognises the urgent calls from residents for immediate intervention, including the deployment of emergency repair teams, the provision of temporary sanitation relief and a comprehensive assessment of the failing sewer systems; and therefore calls on the City of Cape Town to act with urgency in implementing sustainable interventions to resolve sewer blockages, in providing immediate health and sanitation support to affected residents, in accelerating infrastructure upgrades, and in ensuring proper maintenance of sewer systems, while also giving account transparently to the public on clear timelines and measures to prevent the recurrence of such a crisis.

9. Ms P Z Lekker: That the House notes with deep concern the growing frustration among residents of Guguletu regarding the continued delays in the handover of housing units despite long-standing promises made to beneficiaries; further notes that more than 70 completed houses at the 8448 site remain unallocated, with residents having waited since as early as 2018 for the completion of the project; notes that, while some were promised handover as far back as December last year, no clear timelines have yet been provided; acknowledges that many affected residents, including elderly and vulnerable individuals, continue to live in overcrowded and undignified conditions, with some families sharing small spaces or being forced into informal settlements, highlighting the severe human impact of these delays; further notes the growing perception among residents that they are being unfairly excluded from accessing housing opportunities, deepening mistrust in the City's administration and processes; recognises that access to adequate housing is a fundamental constitutional right and that the continued delays in housing delivery undermine the dignity of the people of Guguletu and reflect ongoing failures in the implementation and management of human settlements projects; and therefore calls on the provincial government to account urgently for the delays in the handover of housing units in Guguletu by providing clear and transparent timelines for allocation, by prioritising the rightful beneficiaries, by accelerating the completion of the outstanding housing projects, and by engaging meaningfully with the affected communities to restore trust and to ensure that residents receive the housing they have long been promised.

10. Ms N D Nkondlo: That the House notes with grave concern the growing scourge of extortion targeting small business owners and informal traders, particularly in vulnerable communities, where criminal elements exploit poverty and desperation for financial gain; recognises that such acts not only rob families of their loved ones but also undermine livelihoods, instil fear in communities, and threaten local economic activity; acknowledges

that informal traders and small business owners are the backbone of township economies, and that their safety and ability to operate without intimidation is essential for community stability and economic survival; and therefore calls on the provincial government and law enforcement agencies to intensify efforts urgently to combat extortion syndicates, to strengthen visible policing in affected areas and to ensure swift investigation and prosecution of those responsible, and to implement targeted interventions to protect small businesses and restore safety and confidence within communities.

11. Ms N D Nkondlo: That the House notes with concern the reported disparities in individual land ownership in the Western Cape, where ownership is indicated as 66% white, 17% coloured, 8% Indian, 6% other, and 3% black, reflecting enduring spatial and economic inequalities in the province; further notes that such disparities are rooted in the historical legacy of apartheid land dispossession and spatial planning, which continues to shape patterns of land ownership, access to economic opportunity and generational wealth distribution; acknowledges that equitable access to land remains central to achieving meaningful economic transformation, social justice and spatial redress, as well as improving livelihoods and inclusive growth for all communities in the province; and therefore calls on the provincial government to strengthen land reform and redistribution programmes urgently, to accelerate the release of well-located land for human settlement and economic use, and to implement targeted interventions to address historical inequalities in land ownership in order to advance inclusive and equitable development across the Western Cape.

*See also:* Ms N D Nkondlo (p 10); Ms B Stoffel (p 10); Ms P Z Lekker (p 10); Ms A P Bans (p 10).

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==============

# ORDELYS

==============

DONDERDAG, 30 APRIL 2026

**HUIS: 14:15**

**SPEAKERSDEBAT**

Vryheid wat werk: werkgeleenthede, waardigheid en lewering.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE**

1. Mnr K Brinkhuis: Dat die Huis erkenning gee dat die Stad Kaapstad se uitnodiging aan Amerikaanse mariniers om metropolitaanse polisiekadette op te lei ernstige regs- en grondwetlike kommer wek; verder erkenning gee dat die Grondwet bepaal dat munisipale polisiedienste binne ŉ nasionale wetgewende raamwerk moet funksioneer; kennis neem dat die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens duidelik bepaal dat die Nasionale Kommissaris die standaarde en opleiding vir munisipale polisie bepaal; verder kennis neem dat die Stad geen bevoegdheid het om opleidingsreëlings buite daardie raamwerk te implementeer nie; erkenning gee dat die misdaadvoorkomingsmetodes wat deur die Amerikaanse strukture, soos die ICE ("Immigration and Customs Enforcement"), gebruik word, onmenslik is, gegrond is op rassisme en dat hulle uiterste brutaliteitsmaatreëls teen onskuldige slagoffers gebruik; verder erkenning gee dat die ICE se taktiek baie soos die ou apartheidsbeleide lyk; en ŉ beroep op die Huis doen om die Stad Kaapstad se gebruik van Amerikaanse mariniers om plaaslike polisiekadette op te lei, te veroordeel.

2. Mnr T C R Walters: Dat die Huis kennis neem van die onlangse Federale Kongres van die Demokratiese Alliansie waartydens die party se leiers behoorlik verkies is en ŉ reeks beleidsresolusies aangeneem is; erkenning gee dat oop mededinging, deursigtige prosesse en die vreedsame oordrag van leierskap sentraal staan vir enige gesonde demokrasie is; verder kennis neem dat robuuste interne debat en deelname deur lede verantwoordingspligtigheid en openbare vertroue in politieke instellings versterk; bevestig dat demokratiese praktyk net soveel binne partye uitgeleef moet word as wat dit in die

regering verdedig word, en dat geloofwaardige regeringspraktyk begin waar daar geloofwaardige interne prosesse is; dus die herbevestiging van grondwetlike waardes verwelkom, asook die oppergesag van die reg en responsiewe regering wat in die uitkomste van die kongres weerspieël word; verder kennis neem dat hierdie die grootste kongres ooit deur die Demokratiese Alliansie gehou is, en dat daar geweldige nasionale en internasionale belangstelling in die geleentheid was, wat ŉ betekenisvolle impak op die toekoms van Suid-Afrika sal hê; en besluit om pogings te ondersteun wat die demokratiese kultuur verdiep, wat aktiewe burgerskap bevorder en wat toesien dat verkose leiers aanspreeklik bly teenoor die mense wat hulle dien.

3. Mnr D W Bryant: Dat die Huis kennis neem dat, in die DA-geleide Stad Kaapstad, die Zandvliet-afvalwaterbehandelingsaanleg in Khayelitsha voltooi is, ten volle in bedryf is, en gemeenskappe, insluitende Khayelitsha, Delft, Blue Downs, Mfuleni en die omliggende gebiede, bedien; en verder kennis neem dat hierdie projek ter waarde van R2 miljard verbeterde en menswaardige sanitasiedienste bied, terwyl die kapasiteit uitgebrei word om toekomstige groei in hierdie vinnig groeiende dele van die Stad te akkommodeer.

4. Mnr D W Bryant: Dat die Huis kennis neem van die suksesvolle inhuldiging deur die DA-geleide George-munisipaliteit van die George- junior stadsraad 2026, wat ŉ betekenisvolle platform bied vir jongmense om aan plaaslike regering deel te neem en leierskapvaardighede te ontwikkel; verder kennis neem dat hierdie inisiatief die DA se verbintenis weerspieël om ŉ aktiewe burgery te bou, die volgende geslag te bemagtig en toe te sien dat jong stemme by besluitnemingsprosesse ingesluit word; erkenning gee dat, terwyl baie munisipaliteite in Suid-Afrika sukkel om basiese dienste te lewer, DA-geleide plaaslike regerings steeds in programme belê wat demokratiese deelname versterk en toekomstige leiers ontwikkel; en kennis neem van die DA-geleide George-munisipaliteit se verbintenis om ŉ standaard vir jeugontwikkeling en burgerlike betrokkenheid te stel wat bydra tot die bou van ŉ bekwame, verantwoordbare staat.

5. Mnr D J Wessels: Dat die Huis kennis neem van die amptelike opening van die Malmesbury-ompad ter waarde van R693 miljoen; verder kennis neem dat hierdie groot infrastruktuurprojek padveiligheid sal verbeter, reistye sal verminder en ekonomiese aktiwiteit in die Swartland-streek sal bevorder; erkenning gee aan die skepping van werkgeleenthede en die ondersteuning van plaaslike sakeondernemings tydens konstruksiewerk; en kennis neem van die DA-geleide Wes-Kaapse Regering se verbintenis tot die lewering van infrastruktuur wat groei aanvuur en geleenthede skep.

6. Mnr P Johnson: Dat die Huis kennis neem van die uitstaande prestasie van Nicolaas Steenkamp, ŉ leerder aan die Hoërskool Stellenbosch, wat ŉ goue medalje by die Internasionale Fees van Ingenieurswese, Wetenskap en Tegnologie in Tunisië gewen het; verder kennis neem dat hierdie prestasie die krag van onderwys en innovering in die Wes-Kaap weerspieël; erkenning gee dat belegging in gehalteonderwys en geleenthede in wetenskap en tegnologie jongmense in staat stel om mee te ding en op die wêreldverhoog sukses te behaal; en verder erkenning gee aan die DA-geleide Wes-Kaapse Regering se verbintenis om voort te gaan met die bou van ŉ bekwame, toekomsgerigte onderwysstelsel wat leerders bemagtig om internasionaal uit te blink.

7. Me W F Kaizer-Philander: Dat die Huis kennis neem dat toesig deur openbare verteenwoordigers ŉ grondwetlike verantwoordelikheid is wat ten doel het om verantwoordingspligtigheid te versterk, dienslewering te verbeter en die regte van burgers

te beskerm, en dat hierdie funksie te alle tye binne die raamwerk van die Grondwet, die toepaslike wetgewing en die reëls en etiese standaarde van hierdie Provinsiale Parlement uitgeoefen moet word; verder kennis neem dat toesig ferm, maar ordelik, wettig en respekvol teenoor institusionele prosesse moet bly, en dat gedrag wat ontwrigtend is, intimiderend is, of die omvang van die gevestigde toesigbevoegdheid oorskry, beide die integriteit van instellings en die geloofwaardigheid van toesig opsigself in gevaar stel; verder kennis neem dat besondere sorg uitgeoefen moet word in omgewings wat kinders en ander weerlose burgers wat op verhoogde grondwetlike beskerming geregtig is, bedien; en dus ŉ beroep doen op voortgesette nakoming van behoorlike toesigprotokolle, toepaslike koördinering met tersaaklike owerhede en die beskerming van waardigheid, privaatheid en veiligheid tydens alle toesigskakelings.

8. Me R Windvogel: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die voortdurende riooloorstromings in Philippi en die omliggende gebiede waar inwoners geforseer word om rou riool vir lang tye in die strate te verduur, wat ondraaglike lewensomstandighede skep; verder kennis neem dat gemeenskappe, insluitend diegene in Wesbank, na bewering vir weke en selfs maande aan besoedelde water blootgestel is, wat ernstige gesondheidsrisiko's soos velinfeksies tot gevolg het, terwyl dit ook ŉ negatiewe impak op hul lewensbestaan het aangesien inwoners weens siekte nie kan werk nie; erkenning gee daaraan dat hierdie situasie ŉ ernstige openbare gesondheidskrisis is, die waardigheid van die geraakte gemeenskappe ondermyn en volgehoue diensleweringsmislukkings met sanitasie-infrastruktuur uitlig; verder erkenning gee aan die dringende oproepe van inwoners vir onmiddellike ingryping, insluitende die ontplooiing van noodherstelspanne, die voorsiening van tydelike sanitasieverligting en ŉ omvattende beoordeling van die gebrekkige rioolstelsels; en dus ŉ beroep op die Stad Kaapstad doen om dringend op te tree om volhoubare ingrypings te implementeer om rioolblokkasies op te los, om onmiddellike gesondheids- en sanitasie-ondersteuning aan die geraakte inwoners te bied, om die opgradering van infrastruktuur te versnel en om die behoorlike instandhouding van rioolstelsels te verseker, terwyl daar ook met deursigtigheid aan die publiek rekenskap gegee word deur middel van duidelike tydlyne en die maatreëls wat getref word om die herhaling van so ŉ krisis te voorkom.

9. Me P Z Lekker: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die inwoners van Guguletu se groeiende frustrasie oor die voortgesette vertragings in die oorhandiging van wooneenhede ten spyte van beloftes wat lankal aan begunstigdes gemaak is; verder kennis neem dat meer as 70 voltooide huise op die 8448-terrein steeds nie toegeken is nie, met inwoners wat al sedert 2018 wag vir die voltooiing van die projek; kennis neem dat, terwyl sommige begunstigdes reeds in Desember verlede jaar oorhandiging belowe is, daar nog geen duidelike tydlyne verskaf is nie; erkenning daaraan gee dat baie geraakte inwoners, insluitende bejaardes en weerlose individue, steeds in oorvol en onwaardige toestande woon, met sommige families wat klein ruimtes deel of gedwing word om in informele nedersettings te bly, wat die ernstige menslike impak van hierdie vertragings beklemtoon; verder kennis neem van die inwoners se groeiende gewaarwording dat hulle onregverdig uitgesluit word van toegang tot behuisingsgeleenthede, wat wantroue in die Stad se administrasie en prosesse verdiep; erkenning daaraan gee dat toegang tot voldoende behuising ŉ fundamentele grondwetlike reg is en dat die voortgesette vertragings met behuisingslewering die waardigheid van die mense van Guguletu ondermyn en die voortdurende mislukkings met die implementering en bestuur van

menslikenedersettingsprojekte benadruk; en dus ŉ beroep op die provinsiale regering doen om dringend rekenskap te gee van die vertragings met die oorhandiging van wooneenhede in Guguletu deur duidelike en deursigtige tydlyne vir toekenning te gee, deur die regmatige begunstigdes te prioritiseer, deur die voltooiing van die uitstaande behuisingsprojekte te versnel, en deur betekenisvol met die betrokke gemeenskappe te skakel om vertroue te herstel en te verseker dat inwoners die behuising ontvang wat hulle lankal reeds belowe is.

10. Me N D Nkondlo: Dat die Huis met ernstige kommer kennis neem van die toenemende vlaag afpersing wat kleinsake-eienaars en informele handelaars teiken, veral in weerlose gemeenskappe, waar misdadigers armoede en desperaatheid vir finansiële gewin uitbuit; erkenning daaraan gee dat sulke dade nie net families van hul geliefdes beroof nie, maar ook lewensbestaan ondermyn, vrees in gemeenskappe inboesem en plaaslike ekonomiese aktiwiteit bedreig; erkenning daaraan gee dat informele handelaars en kleinsake-eienaars die ruggraat van die ekonomieë van townships is, en dat hul veiligheid en hul vermoë om sonder intimidasie te funksioneer, noodsaaklik is vir gemeenskapstabiliteit en ekonomiese oorlewing; en dus ŉ beroep op die provinsiale regering en wetstoepassingsagentskappe doen om dringend pogings te verskerp om afpersingsindikate te bestry, sigbare polisiëring in geraakte gebiede te versterk en vinnige ondersoeke en vervolgings van diegene wat daarvoor verantwoordelik is, te verseker, en om geteikende ingrypings te implementeer om kleinsakeondernemings te beskerm en veiligheid en vertroue in gemeenskappe te herstel.

11. Me N D Nkondlo: Dat die Huis met kommer kennis neem van die ongelykhede in individuele grondbesit in die Wes-Kaap waaroor verslag gedoen is, met eienaarskap aangedui as 66% wit, 17% bruin, 8% Indiër, 6% ander en 3% swart, wat die volgehoue ruimtelike en ekonomiese ongelykhede in die provinsie weerspieël; verder kennis neem dat sulke ongelykhede wortel is in die historiese nalatenskap van grondontneming en ruimtelike beplanning tydens apartheid, wat steeds patrone met grondbesit, met toegang tot ekonomiese geleenthede en met die verdeling van oorerflike rykdom vaslê; erkenning daaraan gee dat billike toegang tot grond sentraal staan om betekenisvolle ekonomiese transformasie, sosiale geregtigheid en ruimtelike regstelling te behaal, asook die verbetering van lewensbestaan en inklusiewe groei vir alle gemeenskappe in die provinsie; en dus ŉ beroep op die provinsiale regering doen om programme vir grondhervorming en herverdeling dringend te versterk, die vrystelling van goed geleë grond vir menslike nedersetting en ekonomiese gebruik te versnel, en geteikende ingrypings te implementeer om aandag te skenk aan die historiese ongelykhede met grondbesit ten einde inklusiewe en billike ontwikkeling regoor die Wes-Kaap te bevorder.

*Kyk ook:* Me N D Nkondlo (bl 10); Me B Stoffel (bl 10); Me P Z Lekker (bl 10); Me A P Bans (bl 10).